CHRISTELIK CHRISTIAN

INCLUSIVE INKLUSIEF

TOEGANKLIK APPROACHABLE

BALANCE BALANS

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL PRIMARY EXCELLENTIA

# Uit die Hoof se Kantoor

Geagte Ouers

Baie dankie aan al ons leerders en ouers vir die besonderse hoendervleisgevoel wat julle deur julle optrede en wyse van deelname tydens die interskole teen Laerskool Midstream College Primary geskep het. Julle trotse en respekvolle optrede spreek boekdele oor elke leerder se karakter. Elke ouer se teenwoordigheid en ondersteuning het tot 'n sterk gevoel van samehorigheid bygedra, waarvoor ek opreg dankbaar is.

Ten slotte wil ek almal weer herinner aan die belangrikheid van balans. Ek het vanjaar menige gesprekke met ouers oor die welstand van ons kinders gevoer. Goeie prestasies – akademies, op die sportveld of in kultuur – beteken niks as ons kinders fisies of emosioneel uitgeput is nie. Maak asseblief seker dat hul emosionele batterye herlaai word. Om te rus en kwaliteittyd saam met familie te spandeer, skep ruimte om te herstel en is net so belangrik soos prestasies.

Aan die einde van dié kwartaal groet ons vir juffrou Bernice Vos en Pam Green. Baie dankie vir julle waardevolle bystand, ondersteuning en liefde gedurende die kwartaal. Ons verwelkom volgende kwartaal vir Vera van Rooyen en Sonja Langley terug van kraamverlof.

Geniet die vakansie, rus goed en wees veilig waar ookal julle julself mag bevind.

Met waardering

**NICO LOGGENBERG**
**SKOOLHOOF**

**ALLES het 'n blaaskans nodig.**

**DIE SKOOL HEROPEN DV. OP DINSDAG 21 JULIE 2026**

# RAKKER-SKAAKSTERRE



Twee van Laerskool Midstream Ridge Primary se skaaktalente het tydens die D4-distrik-individuele kampioenskappe by Cornwall Hill deelgeneem en uitstekende prestasies gehaal.
In die o.13-afdeling het **Junior Netshimboni** sterk meegeding en 'n verdienstelike 7de plek behaal. In die o.11-afdeling het **Juanru Smit** besonder goed gevaar en met 'n fantastiese 2de plek weggestap.
Ons is ongelooflik trots op hierdie leerders se harde werk, deursettingsvermoë en sportmanskap. Baie geluk aan Junior en Juanru met hul puik prestasies. Julle is ware ambassadeurs van ons skool!

## MANDELADAG-UITREIKPROJEK

Ons benodig asseblief nog leë skoenbokse ter voorbereiding van ons jaarlikse uitreikprojek, Mandeladag, wat in Julie plaasvind. Stuur gerus saam met u kind skool toe indien u oortollige bokse by die huis het. Volg asb. die onderstaande skakel vir meer inligting.
Ons deel met groot opgewondenheid die inhoud van die "Mandela-boks van Hoop"-projek met almal. Midstream Spar speel 'n sleutelrol in die uitvoering van hierdie projek en het ingestem om vir elke 10 pakkies toiletware wat deur ouers aangekoop word, 1 ekstra pakkie te skenk. Die aankoop van pakkies by Spar is ter wille van eenvormigheid. Ouers is welkom om saam te span met die aankoop van die pakkies. 'n Minimum van 8 per klas sal in groot behoefte voorsien.
Opregte dank aan Midstream Spar!




## MANDELADAG INLIGTING



Nuusbrief 11 / 25 Junie 2026

# INLIGTING

## RAPPORTE

Die rapporte vir graad 1-7 sal op Vrydag 26 Junie om 10:00 op die Edana App beskikbaar gestel word. Ons rig 'n vriendelike versoek aan ouers om asb. geduldig te wees met die aflaai van rapporte aangesien dit lank kan neem a.g.v. die druk op die sisteem.

### INTERSENFASE

Gewigte per vak om 'n gemiddeld aan die einde van die kwartaal te bepaal, word as volg bereken:

Huistaal = 20%
Eerste addisionele taal = 15%
Wiskunde = 20%
Wetenskap = 15%
Geskiedenis = 10 %
Aardrykskunde = 10%
Rekenaars = 5%
Robotika & Tegnologie = 5%

### INTERSENFASE

Die gewigte per kwartaal, om 'n gemiddeld aan die einde van die jaar te bepaal, word as volg bereken:

Kwartaal 1 - 20%
Kwartaal 2 - 20%
Kwartaal 3 - 20%
Kwartaal 4 - 40%

## SKOOLUNIFORM - KWARTAAL 3

- Leerders mag van Maandag tot Donderdag formele winteruniform of sweetpakke dra.
- Op Vrydae en ander dae wanneer ons saalbyeenkomste of prysuitdelings het, moet leerders hul formele winteruniform en skoolbaadjie dra. **Sweetpakke mag nie op hierdie dae gedra word nie.**

Die amptelike datum waarop ons na someruniform sal oorskakel, sal in die derde kwartaal gekommunikeer word.




## UNIFORMWINKEL VAKANSIE-URE

| | |
|---|---|
| **Vrydag 26 Junie** | **07:00-15:00** |
| **Saterdag 27 Junie tot Woensdag 15 Julie** | **GESLUIT** |
| **Donderdag en Vrydag 16-17 Julie** | **08:00-16:00** |
| **Maandag 20 Julie** | **08:00-17:00** |
| **Dinsdag 21 Julie** | **Gewone ure** |
| **Vir dringende navrae WhatsApp of skakel 064 937 0551 / 065 073 8027** | |

KLIK HIER

# PADVEILIGHEID



# INLIGTING

- JUNIOR HOKKIE
- CAPRIOLE-STALLE PONIEKAMP
- SENIOR HOKKIE
- MMC - VAKANSIE PROGRAM
- BLGG STUDIE-METODEKURSUS
- ACT STUDIOS WIZARD OF OZ

*Midstream Tydskrif Mei 2026*



# MIDSTREAM INTERSKOLE BYEENKOMS

Nuusbrief 11 / 25 Junie 2026






Dankie aan elke kind wat opgedaag het, of jy nou op die veld gespeel het of vanaf die pawiljoen ondersteun het. Ons waardeer elkeen se betrokkenheid. Saam het ons die dorp teal geverf en die waardes van Laerskool Midstream Ridge Primary uitgeleef!



# BELANGRIKE SKOOLSKAKELS

| | | |
|---|---|---|
| **Kalender** | | Die algemene skoolkalender vir die jaar - dit word met elke nuusbrief opgedateer. |
| **Sportkalender Kwartaal 3** | | Die sportkalender is "lewendig" en word dus daagliks aangepas. Dit kan in die *DOCUMENTS FOLDER* in die Edana-toepassing gevind word. |
| **Nasorgsentrum** | @RakkerCare | Hoe om u kind by die nasorgsentrum in te skryf |
| **LMRP Aksie-fotos** | | Ouers is welkom, en word aangemoedig om aksie-foto's van enige skoolgeleenthede en byeenkomste aan ons d.m.v. dié skakel te stuur. |
| **Edana** | | Hoe om die toepassing af te laai en te installeer |
| | | Hoe om jou fooninstellings aan te pas om kennisgewings op jou foon te ontvang |
| ***Google Classroom*** | | Hoe om *Google Classroom* op u slimfoon af te laai en te installeer |
| | | Hoe om *Google Classroom* op u rekenaar af te laai |
| **Sosiale Media Toestemming** | | Voltooi asb. dié vorm rakende sosiale media. |
| ***Facebook*** | | Volg ons op *Facebook.* |
| ***Instagram*** | | Volg ons op *Instagram.* |
| **Opdateer van Mediese Rekords** | | Dit is baie belangrik dat ons van alle leerders opgedateerde mediese rekords hou. Pas asb. dié inligting soos nodig aan. |